

# 21

## LIEFDESLEWE *Seksualiteit*

### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat seksualiteit 'n gawe van God is.

### **SPEKIFIEKE DOELSTELLING**

#### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- wat seksuele ontwikkeling en identiteit behels.
- dat hul ontdekking van seksualiteit God se goedkeuring moet wegdra.

#### **Gesindheid**

Die kinders moet bereid wees om respek te toon vir hul eie en ander mense se liggame.

#### **Vaardigheid**

Die kinders moet in staat wees om die grense van losbandigheid te identifiseer.

### **MEER INLIGTING**

#### **Geslagtelikheid en seksualiteit**

'n Mens ontdek in 'n bepaalde stadium in jou lewe dat jy as 'n seun of 'n meisie gebore is. Jy ervaar dan die werklikheid dat jy manlik of vroulik is. Tog *het* ek nie net 'n liggaam nie, ek *is* my liggaam. Ons moet daarteen waak om 'n oordrewe onderskeid tussen liggaam en gees te maak. Ons menswees bestaan ook uit fasette soos die intellektuele, emosionele, spirituele (geestelike) en geslagtelikheid. Geslagtelikheid verwys na die rolle wat ons aanneem as manlik en vroulik.

Vroeër jare is mense van kleins af gekondisioneer om bepaalde rolle aan te neem. Hierdie kondisionering is gewoonlik gevoed deur die verwagtinge wat mense van ons het. Seuntjies en dogtertjies behoort nie altyd op dieselfde wyse op te tree nie. *Cowboys don't cry* is een van die verwagtinge waarmee baie seuntjies grootgemaak word. Dit is nie manlik om te huil of om emosies te wys nie. Hierdie soort kondisionering het gelei en lei steeds tot groot skade in sommige volwasse mans se lewe. Mans is eintlik van kleins af geleer om nie oor hul emosies

te praat nie en dit selfs nie eens te wys nie. Waar hierdie tipe kondisionering steeds plaasvind, word groot skade aangerig.

Aan die ander kant is daar soms van dogtertjies verwag om die mindere te wees. Dogtertjies is gekondisioneer dat hulle nie alles kan doen wat seuns kan doen nie, en so het hulle grootgeword met die idee dat sekere beroepe net deur mans beoefen kan word. Hulle is byvoorbeeld van kleins af geleer om ondergeskik aan mans te wees. Ook hierdie soort kondisionering het baie negatiewe gevolge vir die volwasse vrou gehad. Sy kon as gevolg daarvan nooit ten volle tot haar reg kom nie. Sy kon selfs nie haar Godgegewe talente ontwikkel nie.

Dit is korrek dat daar wel sekere oorwegend manlike en vroulike eienskappe en rolle is. Die gedagte dat die man op grond van die woord *onderdanig* in Efesiërs 5: 24 die vrou se baas moet wees, is 'n verkeerde interpretasie van die teks. Huweliksmaats moet uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig wees. Daar kan hoogstens gesê word die man is die leier in die gesin, en dan in die sin wat Jesus daaraan gegee het, naamlik dat 'n leier moet dien.

Die patriargale kultuur (waar die man die dominante geslag is) is besig om in die hedendaagse samelewing te verdwyn, maar ons moet bly waak teen 'n houding waar een geslag die meerdere van die ander is. Christus het die toestand van voor die sondeval herstel. Daar het God die vrou vir die man gemaak as 'n *helper*, sy *gelyke*.

Op 'n paar terreine het daar reeds verandering gekom.

- Tot onlangs is die vrou se rol as dié van huisvrou en moeder gesien. 'n Beroepsvrou is met agterdog deur mans en ander vroue bejeën. Om te gaan studeer, is vir dogters as 'n vermorsing van tyd en geld beskou. Aan die ander kant is seuns grootgemaak met die idee dat hulle sterk en groot moet wees om hul gesinne te versorg en te beskerm. Gelukkig is hierdie stereotipes in die postmoderne samelewing besig om te verdwyn. Hierdie veranderings in ons samelewing, waar baie mans nie meer die broodwinners of alleen-broodwinners in 'n gesin is nie, kan lei tot spanning en sal met omsigtigheid benader moet word. By baie mans skep dit 'n gevoel van minderwaardigheid en het dit selfs 'n swak selfbeeld tot gevolg. In die gevalle waar 'n vrou die broodwinner is, word sy ook aan spanning onderwerp. Hierdie vroue vra nie net van ons agting nie, maar ook deernis en ondersteuning.
- Vroeër is seuns geleer om nie aan hul emosies uiting te gee nie. Emosies soos hartseer, bangwees en verwerping “mag” seuns nie ervaar het nie en hulle moes dit eenvoudig onderdruk en ontken. Seuns wat geleer word om so met hul emosies om te gaan, sukkel om later gesonde verhoudings met die teenoorgestelde geslag, hul huweliksmaats en selfs hul eie kinders te hê. Kinders moet van kleins af geleer word om hul emosies te verstaan en op 'n gesonde manier daaraan uiting te gee.

Geslagtelikheid en seksualiteit het ten nouste met mekaar te make. Die mens word geskape met geslag maar ook as 'n seksuele wese. 'n Seksuele verhouding soos God dit bedoel, is 'n gawe en geskenk van God, en ons moet dit ook as 'n gawe en geskenk van God hanteer. Ons leef vandag in 'n wêreld waar seksuele verhoudings buite die huwelik en seksualiteit op veral valse wyses as romanties aan ons verkoop word. Verder word ons kinders gebreinspoel met die argument: *Almal doen dit, hoekom nie ook ek nie?*

### **Wat is toelaatbaar op seksuele gebied?**

Die Christen moet uiteindelik ook die vraag *wat is dan toelaatbaar op seksuele gebied?* vra

en beantwoord. Die antwoord is ook eenvoudig en ongekompliseer: Die enigste toelaatbare seksuele verhouding is binne die huwelik. Binne die huwelik kan ons die wonder van seksualiteit uitleef. Seks voor en buite die huwelik is nie net vir die Christen ontoelaatbaar nie, maar het ook baie nadelige gevolge: ongewenste swangerskappe, en seksueel oordraagbare siektes soos MIV en vigs. Verder kan mense daarna worstel met skuldige gewetes wat hul verhouding met hul toekomstige huweliksmaat kan skaad.

### **Homoseksualiteit**

Wanneer ons in die kerk praat oor seksualiteit, moet ons ook praat oor homoseksualiteit. Vandag is homoseksualiteit 'n saak wat groot debat binne en buite die kerk uitlok. Tog is homoseksualiteit nie iets nuut nie. Ons lees reeds daarvan in die Ou en die Nuwe Testament. In Genesis 19: 5 lees ons dat die mans van Sodom met twee mans wat gaste van Lot was, omgang wou hê. Lot het hulle verbied en gesê dat hulle nie so 'n verkeerde ding kon doen nie. Terwyl ons na hierdie Skrifgedeelte en ook dié in Levitikus 18: 22 kyk, waar die beoefening van seks tussen twee mans as 'n afstootlike sonde beskryf word, moet ons in gedagte hou dat hierdie Skrifuitsprake binne 'n bepaalde konteks gemaak word en nie altyd direk op 'n hedendaagse seksuele verhouding van toepassing gemaak kan word nie. In die Nuwe Testament keur Paulus die beoefening van homoseksualiteit af as iets losbandig, skandelik en goddeloos. Maar ook hier moet ons luister na die argumente dat Paulus se uitsprake ook teen 'n bepaalde agtergrond en binne 'n bepaalde konteks gemaak word. Die vraag is wat ons moet weet oor homoseksualiteit en homoseksuele (gay) mans en (lesbiese) vroue.

Kom ons gebruik 'n voorbeeld. In die Bybelse tyd sou dit 'n afskuwelike sonde wees om te sê dat die aarde rond is en om die son draai. In die Bybel lees ons dat die aarde op vier pilare staan, plat is en dat die son opkom en ondergaan. Ons begryp vandag dat die mense in die Bybelse tyd nie “beter” geweet het nie, want dinge soos teleskope en satelliete het nie bestaan nie. Die natuurwetenskappe het anders bewys, en gelowiges beleef nie 'n geloofskrisis as hulle in die Bybel anders lees as wat natuurwetenskaplikes bewys het nie. Ons onthou dat die Bybel 'n geloofsboek is en nie 'n natuurwetenskaplike of aardryskundige handboek nie. Nie net het die natuurwetenskappe ontwikkel en ons tot nuwe insigte gelei nie, maar ook die menswetenskappe het vordering gemaak, veral die wetenskap wat mense se gedrag bestudeer en help verklaar.

Hierdie wetenskappe het ook nuwe lig op ons verstaan van homoseksualiteit gewerp. Ons moet beseft dat ons mense met 'n seksuele oriëntasie ook vanuit ander hoeke moet benader. Vandag word minstens drie verklarings vir homoseksualiteit aangebied:

- Dit is geneties van aard. 'n Persoon word seksueel gebore. Hierdie homoseksualiteit is nie 'n sielkundige afwyking wat met terapie genees kan word nie.
- Dit is sielkundig van aard. As gevolg van die verkeerde opvoeding, of 'n gebroke huis, of 'n verkeerde vader- of moederbeeld, of molestering of 'n liefdesteleurstelling, is sulke mense se selfbeeld so vertroebel dat hulle nie weet “wie” hulle is en “waar” hulle hoort nie. Die gevolg is dat hulle seksueel of lesbies word.
- Dit is 'n individu se vrye keuse. 'n Persoon verkies of word verlei om seksueel of lesbies te word. Hierdie laaste verklaring word veral deur seksuele mense self verwerp.

Wat die hoofsaak ook al mag wees, dit is duidelik dat die wetenskappe, die gemeenskap en die kerk tans groot vertwyfeling oor homoseksualiteit beleef. Terwyl die kerk regoor die wêreld nog oor die saak gesprek voer en navorsing doen, moet ons met groot omsigtigheid die mens

agter die etiket van homoseksualiteit raaksien.

### **Wat sê die Bybel en die kerk oor homoseksualiteit?**

Soos ons reeds hierbo gelees het, is homoseksualiteit nie iets nuut nie. Die Bybel maak uitsprake oor die saak en ons weet ook dat hierdie Skrifgedeeltes binne konteks en teen 'n bepaalde kultuurhistoriese agtergrond gelees en verstaan moet word. Daar is homoseksuele persone wat hulle skuldig maak aan losbandigheid, en losbandigheid is sonde of dit nou deur heteroseksuele of homoseksuele mense beoefen word.

In Suid-Afrika het ons 'n grondwet wat bepaal dat ons nie teen mense met 'n bepaalde seksuele oriëntasie mag diskrimineer nie. Hierdie artikel van die grondwet maak dit nou ook vir homoseksuele mense moontlik om in 'n bepaalde *burgerlike verbintenis* te lewe. Hierdie verbintenis word nie deur die staat as 'n tradisionele huwelik tussen 'n man en 'n vrou gesien nie. Die *verbintenis* deur mense van dieselfde geslag word meer as 'n *wettige ooreenkoms* gesien wat twee mense met mekaar aangaan. Ons Kerk maak nie voorsiening vir 'n huwelik tussen mense van dieselfde geslag nie.

### **Wat sê die Bybel oor homoseksuele mense (gays en lesbiërs)? Hoe moet ons hulle behandel?**

Alle mense is sondaars – heteroseksuele en homoseksuele. Jesus Christus is die Verlosser vir en van alle sondaars. God se genade in en deur Jesus Christus sluit gays en lesbiërs in. Hierdie mense is dus welkom in die kerk, maar net soos ons van heteroseksuele (*straight*) mense verwag om nie losbandig te lewe nie, verwag ons dieselfde van homoseksuele. Ons moet besef dat dit vir mense wat so gebore is of weens omstandighede so is, baie pynlik moet wees as hulle gebrandmerk word as sleg, siek, afskuwelik en sondig. Ons moet alle mense met respek behandel, want alle mense is deur God geskape en die Here het hulle lief. In baie gemeentes van ons Kerk verrig homoseksuele mense ook goeie werk in diens van die Here, en ons moet aan hulle die ruimte bied om hul dienswerk voort te sit.

Die kerk het ook die verantwoordelikheid om die evangelie van Jesus Christus aan alle mense te bring. Ook die gay seun of man en die lesbiese dogter of vrou moet hoor dat God hulle liefhet en dat Jesus Christus vir ons sondes aan die kruis betaal het. Die Here vra van almal van ons om ons elke dag te bekeer. Ons mag nie homoseksuele tot die “groter” sondaars verklaar en uit die Kerk of die gemeente verstoot nie. Die Kerk moedig homoseksuele mense aan om selibaat te lewe en God te dien met oorgawe en Jesus na te volg. Ons moet mense met 'n homoseksuele oriëntasie soos ons naaste liefhê, soos enige ander mense.

### **Pornografie**

Vanweë die toegang tot die internet deur die gebruik van slimfone, tablette en rekenars het kinders en volwassenes vrye en maklike toegang tot pornografie. Die inherente nuuskierigheid van tieners maak van pornografie 'n groot bedreiging vir die normale ontwikkeling van kinders se seksualiteit. Pornografie is eerstens verslawend as gevolg van die feit dat seksuele drange op 'n eksterne manier gestimuleer word. Die ontwikkeling van seksualiteit is normaal tydens die tienerjare. In hierdie fase van die kind se lewe is die ontdekking van sy of haar liggaamsveranderinge ook normaal. Kinders ervaar bepaalde hormonale veranderinge en dis ook deel van hul liggaamlike en sielkundige ontwikkeling. Pornografie versteur hierdie normale gang van ontwikkeling.

Tweedens ontstaan die gevaar dat kinders deur pornografie meegesleur kan word, en dit kan permanente skade aan hul seksualiteit tot gevolg hê. Kinders wat blootgestel word aan

pornografie kry 'n beeld van intimiteit, seks en seksualiteit wat teen God se bedoeling met seks is. Hierdie kinders loop gevaar om later in die huwelik met sake rondom intimiteit te worstel omdat hulle valse verwagtings van seks en intimiteit ontwikkel het. Die eksploitering van veral die vroulike liggaam en die uitbuiting van mense in die wêreld van die pornografie is vir 'n Christen onaanvaarbaar. Die gawe van seksualiteit en intimiteit word goedkoop gemaak en mense (wat elk 'n unieke skepsel van God is) word voorgestel as blote voorwerpe vir seksuele bevrediging.

In 'n wêreld waar pornografie vrylik beskikbaar is, ontstaan die vraag hoe ons ons kinders daarteen kan beskerm. Ouers behoort die toegang van kinders tot die internet te beperk, te monitor en te reguleer. Tog is dit belangrik dat ons juis die kind moet voorberei en wys op die gevaar van pornografie. Met 'n gesonde en Bybels-verantwoordbare beeld en kennis van seksualiteit, intimiteit en seks moet ons die kinders hier hul Christelike wapenuitrusting laat aantrek.

### **Kubergevare**

Die ander gevaar wat die internet, tegnologie en die sosiale media soos Facebook en Mxit gebring het, is die uitbuiting van veral kinders deur volwassenes, wat onaanvaarbare verhoudings met niksvermoedende kinders begin. Kinders kan hier sosiale verhoudings aanknoop wat selfs letterlik hul lewens in gevaar kan stel. Volwassenes wat kinders teiken en dan uitbuit, is sluis en het altyd 'n negatiewe invloed op die kind. Hierdie volwassenes doen hulle dikwels voor as iemand anders en het gewoonlik 'n vals identiteit waaronder hulle te werk gaan. Kinders wat in hierdie strikke beland, praat ook gewoonlik nie daaroor nie omdat hulle te skaam is en met skuldgevoelens worstel. Soms leef hulle ook in vrees dat hierdie “verhouding” op die lappe kan kom, en soms word hulle as slagoffers gedreig om sodoende die “verhouding” geheim te hou. Kinders moet gewaarsku word teen hierdie kubergevare. Die kerk moet kinders aanmoedig om gesonde sosiale verhoudings te hê binne hul eie portuurgroep, met hul ouers en ander mense. Wanneer kinders in gesonde verhoudings staan, sal daar nie by hulle 'n soeke wees om met onbekende mense verhoudings aan te knoop nie.

### **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Indien jy nie die vrymoedigheid het om hierdie les se onderwerp te hanteer nie, het jy iemand wat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se siening ken, gereël om dit te doen.

### **KOM ONS BEGIN**

Ons open met Skriflesing uit Psalm 100 en gebed.

### **HET HULLE DIE VOLGENDE ONTHOU EN GEDOEN?**

- Gee aan die kinders die geleentheid om hul paragrawe te lees oor wat hulle beskou as die belangrikste saak in die huwelik en hoe hulle hul huweliksmaat sou kies. Indien nodig, laat die kinders die sake wat deur hulle genoem word, bespreek. Gebruik die inligting by die vorige les en gee leiding waar nodig.

- Kontroleer of die kinders Efesiërs 5: 21 ken: *Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.*

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Verduidelik aan die kinders dat die tema van vandag se les kontroversieel mag wees en dat die kinders die sake met sensitiwiteit moet benader. Kinders wat verskillende menings oor die sake mag hê, moet met respek behandel word.

### **IETS INTERESSANT**

Bring jouself op die hoogte van die inhoud van MEER INLIGTING sodat jy die kinders se vrae kan antwoord indien nodig.

### **IETS BELANGRIK**

Laat hulle die vrae in hul boeke beantwoord, gee korrekte antwoorde waar nodig en skerp die antwoorde weer in:

- Wat verstaan ons onder geslagtelikheid?  
*Geslagtelikheid verwys na die rolle wat ons aanneem as manlik en vroulik.*
- Wat is seksualiteit?  
*'n Mens word geskape met geslag maar ook as 'n seksuele wese. 'n Seksuele verhouding (om seks te hê) soos God dit bedoel, is 'n geskenk van God, en ons moet dit waardeer.*
- Wat was die tradisionele rolverdeling vir mans en vrouens en hoe is dit vandag?  
*Die man was die "baas" en die vrou die mindere. Vandag is mans en vrouens mekaar se gelykes. Mans en vrouens beoefen nou ook enige beroep.*
- Wat is toelaatbaar op seksuele gebied?  
*Die antwoord is eenvoudig: Die enigste toelaatbare seksuele verhouding is binne die huwelik. Binne die huwelik kan ons die wonder van seksualiteit uitleef.*
- Hoe sien ons Kerk homoseksualiteit?  
*Ons sien die mens agter homoseksualiteit raak. Ons verkondig dat God hulle liefhet. Homoseksualiteit is nie 'n unieke sonde waarvoor homoseksueles uit die Kerk verstoot moet word nie. Die Kerk moedig homoseksuele mense aan om selibaat te lewe – wat beteken dat 'n mens jou van seksuele dade weerhou.*
- Hoekom is pornografie verkeerd?  
*Pornografie bederf die ontwikkeling van kinders se seksualiteit, is verslawend en kan permanente skade vir gesonde seksualiteit tot gevolg hê.*
- Wat verstaan ons onder kubergevare?  
*Dit is die gevaar van onaanvaarbare verhoudings wat die internet, tegnologie en die sosiale media soos Facebook en Mixit gebring het. Hierdie verhoudings stel selfs letterlik jongmense se lewens in gevaar deurdat hulle gemolesteer, verkrag en vermoor kan word.*

### **IETS OM TE DOEN**

Laat die kinders die volgende beantwoord en bespreek:

- Noem drie voorbeelde van die tradisionele rol van die man.  
*(Alleen-broodwinner, jagter, soldaat, ensovoorts.)*

- Noem drie voorbeelde van die tradisionele rol van die vrou.  
(*Huisvrou, tuisteskepper, kinderopvoeder, met pligte in en om die huis.*)
- Wat is die rol van die man in vandag se samelewing?  
(*Mans vervul enige rol, selfs om huis te hou – huisman.*)
- Is die vrou se rol steeds beperk tot die huis en die versorging van haar gesin?  
(*Nee, vrouens verrig enige werk van enige aard.*)
- Mag 'n seun huil of bang wees of miskien in die koor sing? Hoekom noem ons sulke seuns soms “sissies”?  
(*Dit is verkeerd om hulle so te noem, want vroeër was die mening dat seuns nie emosioneel mag raak nie en dat net “sissies” sekere dinge doen. Dit was 'n fout en kan baie skade veroorsaak.*)
- Hoe sou jy optree teenoor iemand wat gay is?  
(*Ons moet alle mense met respek behandel, want alle mense is deur God geskape en die Here het hulle lief. In gemeentes van ons Kerk verrig homoseksuele mense ook goeie werk in diens van die Here, en ons moet aan hulle die ruimte bied om hul dienswerk voort te sit.*)

Hou debat. Die een helfte van die kinders verdedig die stelling en die ander spreek hulle daarteen uit:

- 'n Vrou se plek is in die huis om kinders groot te maak en huiswerk te doen – sy moet onderdanig wees!

## **BY DIE HUIS**

### **DOEN**

- Laat hulle die vraelys by Les 22 gaan voltooi. Verduidelik aan hulle dat hulle nie nodig het om hierdie inligting met die res van die klas te deel nie.
- Herinner hulle daaraan om hul gesinne te nooi om die volgende klas by te woon.

### **LEER**

Laat hulle 1 Johannes 4: 7-8 gaan leer: *Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde.*

### **BELANGRIK:**

Kyk na Les 22 by JY HET NODIG en reël persone om volgende keer met die kinders te kom praat.

### **AFSLUITING**

Sluit af met die sing of lees van Gesang 526.

*Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.*

Gee tyd vir 'n stil gebed. Laat die kinders in hul gebed fokus op mense wat met seksuele probleme worstel.